# AANSTELLING VAN DR NGOBANI JOHNSTONE MAKHUBU AS SARS KOMMISSARIS

**Tshwane, 3 April 2026** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, verwelkom die aanstelling van dr. Ngobani Johnstone Makhubu as die nuwe kommissaris van SARS met intreding 1 Mei 2026, vir 'n tydperk van vyf jaar. Dr. Makhubu was sedert 1 Mei 2023 in die pos van adjunk-kommissaris vir belastingpligtige-skakeling en operasionele bedrywighede.

Die president het dr. Makhubu aangestel ingevolge artikel 6 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, nr. 34 van 1997. Dit volg na die aanbeveling deur die paneel onderhoudvoerders, onder leiding van die voormalige minister van finansies, mnr. Nhlanhla Nene, wat eenparig dr. Makhubu as gepaste en gekwalifiseerde kandidaat vir die rol aanbeveel het.

Die aanstelling van dr. Makhubu is die hoogtepunt van die opvolgbeplanningsproses in ooreenstemming met die Nugent-kommissie van ondersoek na administrasie en bestuur by SARS. Die aanstelling van dr. Makhubu verteenwoordig deurlopendheid en die geleentheid om SARS na 'n hoër vlak te neem terwyl dit nuwe uitdagings aanpak in die uiters ingewikkelde, dinamiese en digitale omgewing.

Kommissaris Kieswetter het gesê: “President Ramaphosa kon nie ’n meer uitnemend gekwalifiseerde individu met hierdie taak belas het nie. Dr. Makhubu beskik oor omvattende kennis van SARS en was nou betrokke by ontwikkelings binne SARS. Daar is geen twyfel in my gemoed dat hierdie bevordering welverdiend is nie. Ek het persoonlik saam met die aangewese Kommissaris gewerk en kan met vertroue sê dat hy die belangrike opdrag sal uitvoer om te help bou aan ’n bekwame staat wat die welstand van alle Suid-Afrikaners bevorder deur alle inkomste wat aan die staat verskuldig is, in te vorder. Saam met die mans en vroue van SARS wens ons Johnstone alle sterkte toe terwyl hy hom voorberei om hierdie belangrike rol as SARS-kommissaris te aanvaar.

Dr Makhubu beskik oor 'n doktersgraad in leierskap, nadat hy 'n meestersgraad in besigheidsleierskap verwerf het, en 'n baccalaureusgraad in elektriese ingenieurswese en baccalaureus in ekonomie.

Vir meer inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.